Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

Weeklikse Brood vir **4 – 10 Oktober 2020**
**Agttiende** week in **Koninkrykstyd**

Skriflesing vir die week: **Eksodus 20: 1-4, 7-9, 12-20**
*Skriflesing vir volgende week: Eksodus 32: 1-14*

## Sondag – *Ingenooi in God se rus en tyd*

- ✓ Die tien gebooie onderbreek die historiese gebeure oor die volk se uittog uit slawerny na die beloofde land.

Lees ***Eksodus 20: 1-2***.

- ✓ Die gebooie is nie wette nie. Dit is "die woorde" van God wat sy beginsels vir sy volgelinge se lewe verwoord. God stel Homself aan sy mense voor. Hy vertel iets van sy handelinge met hulle in die verlede. Hulle moet weet wie Hy is wat met hulle 'n ooreenkoms aangaan aan die hand van die riglyne.
- ✓ Daar is 'n verskuilde bevrydingsmoment in die tien gebooie. Christus het deur sy lyding, sterwe en opstanding volledig aan die eise van die gebooie voldoen.
- ✓ Leef luisterend. Dit is 'n baie belangrike geloofsvormende gewoonte.

## *Maandag – Luister na God se Woord*

Lees ***Eksodus 20: 1-17*** en ***Psalm 19: 1-7.***

- ✓ Die eerste gebod verskil heeltemal van die ander gebooie. Daar staan letterlik: "Laat daar vir jou (geen ander) gode wees nie."

Lees ***Deuteronomium 6: 4***.

- ✓ *Artikel 1* van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit duidelik: "Ons glo almal ... dat daar 'n enige en enkelvoudige wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed ..."
- ✓ Die God van Israel is die enigste Here. Jy moet Hom alleen as die enigste ware God aanbid. Koninkrykstyd herinner aan God se liefde wat uitloop in die versoening met ons deur Jesus. Oefen om in God se teenwoordigheid soos sy kinders te leef.

## *Dinsdag – Luister na mekaar*

Lees ***Eksodus 20: 1-17*** en ***Psalm 19: 8-12***.

- ✓ Die tweede gebod stel dit baie duidelik: God is onvoorstelbaar. Enige poging om Hom af te beeld of uit te beeld, is afgodery. God straf afgodery. Daarteenoor betoon Hy sy (letterlik) "trou en toegeneentheid" aan elkeen wat Hom met onverdeelde trou aanbid en dien.

Lees ***Johannes 4: 24***

- ✓ God is Gees en Hy moet as sodanig aanbid word. Wanneer jy Hom "deur die Gees en in waarheid" aanbid, verkeer jy met Hom in geestelike gemeenskap. Beleef jy God as lewend teenwoordig wanneer jy Hom aanbid en tot Hom bid?

## *Woensdag – Luister na ander en die tye*

Lees ***Eksodus 20: 1-17*** en ***Johannes 2: 13-22***.

- ✓ Die Naam van God gee uitdrukking aan sy wese. Daarom mag jy (letterlik) nie "die Naam van die Here jou God oplig tot iets wat niks werd is nie". Dit het betekenisvolle implikasies vir die aflê van die eed. Asook vir die gebruik van sy Naam as 'n stopwoord.
- ✓ "Naam" dui op die eienaam wat ons met "Here" (Ou Testament: Koning) vertaal. Soos wat Hy as Goddelike wese onvoorstelbaar is, is Hy in sy koninklike heiligheid God, die Here. God se Naam is heilig. Jy moet dit met respek en eerbiedige vrees op jou lippe neem. Is dit hoe jy God benader?

### *Donderdag – Luister weer na God se Woord*

- ✓ Die aanloop tot die sabbatsgebod word in *Eksodus 16: 22-30* beskryf. Lees dit gerus.

Lees ***Eksodus 20: 1-17*** en ***Johannes 2: 13-17***.

- ✓ Hierdie oproep wil die volk aan die unieke karakter en betekenis van die Sabbat herinner. God het dit as rusdag ingestel. Dit verskil in betekenis en karakter van die ander dae. Die aktiwiteite op die rusdag verskil ook van die van die ander dae (Eks 16: 23). Dit is die dag waarop rustig en doelbewus op God gefokus moet word.
- ✓ Die redes vir die oproep in die agtste gebod is betekenisvol. In Eksodus 20 word die rede vir die oproep aan die skepping verbind. Net soos wat die Here op die sewende dag gerus het, behoort die volk ook op daardie dag te rus. Die dag bied hulle die geleentheid om hulle liggaamlike en geestelike kragte te herwin.
- ✓ In Deuteronomium 5 word die bevryding uit Egipte as motivering vir die oproep gegee. Die Israeliete moet op die Sabbat rus en die geskiedenis van hulle verlossing in herinnering roep. Dit is 'n geleentheid tot nadenke.
- ✓ God het bepaal dit sal altyd daar wees en Hy het dit geseën. Ons glo Christus het deur sy lyding, sterwe en opstanding nuwe betekenis aan die Sabbat gegee. Hoe dink jy vandag oor Sondag? Beoefen jy 'n geloofsgewoonte wat jou help om tot rus te kom en op God te fokus?

### *Vrydag – Fokus op wat God nou doen*

Lees ***Eksodus 20: 18-21***.

- ✓ Volgens vers 18 is die volk oorweldig deur angs en vrees. Ln vers 20 sê Moses egter hulle hoef nie bang te wees nie, want God wil alleen maar hê dat hulle ontsag vir Hom moet koester. Dink na oor hoe die vrees van die volk in vers 18 verskil van die ontsag wat God volgens vers 20 van hulle vra.

### *Saterdag – Antwoord met jou lewe*

Lees ***Eksodus 20: 1-17*** en ***Filippense 3: 3-14*** en kyk of jy hier die verhaal hoor van iemand wat eers 'n verkeerde idee van die wet van God gehad het en toe ontdek het hoe God wil hê hy moet leef. Vergelyk veral vers 4-6 met vers 8-9.

- ✓ Paulus het nie opgehou om volgens die riglyne van die Tien Gebooie te leef nie, maar sy motief en fokus was heeltemal anders as toe hy op die wet alleen vertrou het.
- ✓ God het met Eksodus 20 die grondbeginsels uitgespel vir 'n God-verheerlikende lewe. Identifiseer geloofsgewoontes wat jou kan help om hiervolgens te leef.

# Familie Tuisblad

**4 – 10 Oktober 2020**

in samewerking met *nous.org.za*

## Fokus vers

**Eksodus 20: 2**
Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte,
uit die plek van slawerny, bevry het.

## Tema van die week

God se kinders leef anders!

## Bybel-tyd

**So:** Eksodus 20: 1-4, 7-9, 12-20
**Ma – Di:** Matteus 21: 33-46
**Wo – Do:** Psalm 19
**Vr – Sa:** Filippense 3: 4b-14

## Bid-tyd

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Dankie dat U vir ons sorg met hierdie kos.  Amen.

**Oorgee-gebed**
Laat ek u gebooie onderhou omdat ek U liefhet.  Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jou lewe vandag wys dat jy lief is vir God.

## Gesels-tyd

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- Watter een van die gebooie staan vandag vir jou uit?
    - Waarom sê jy so?
- Hoekom gee God vir sy mense gebooie?
- Help die gebooie jou om vir God te leef, of laat gebooie jou voel of jy ingeperk word?
- Wat gebeur as mense nie volgens God se gebooie leef nie?

## Speel-tyd

Ons spandeer kwaliteit–tyd saam

Gee vir elkeen ’n papier en ’n pen.  Maak jou eie lysie van gebooie – dit is hoe jy wil hê ander mense en jyself moet lewe.  Vertel vir mekaar watter gebooie jy geskryf het.

Hoe verskil hierdie gebooie van Eksodus se tien gebooie?  Hoe is dit dieselfde?

Besluit saam oor nuwe reëls wat julle gelukkig kan maak.  Elkeen kan 1 nuwe reël maak maar moet ook verduidelik hoekom hy/sy die reël voorstel.  Julle kan afsluit deur julle familie/groep se eie tien gebooie te skryf en iewers op te sit.  Laat dit saamhang met liefde vir God en liefde vir jou naaste.

## Doen-tyd

Ons oefen ons geloof op ’n praktiese manier

Een van die gebooie is “eer jou vader en jou moeder”.  Neem ’n kaartjie van bemoediging vir iemand wat geëer behoort te word, bv.  ’n ouma/oupa, ’n skoolhoof of onderwyser.

## Leef-tyd

Ons leef ons geloof heelweek uit

Watter reëls is daar in julle huis?  Laat elkeen ten minste twee opnoem.  Verduidelik ook die rede vir elke reël.  Baie keer dink ons reëls is maar net reëls maar elke reël het ’n rede en ook ’n oorsprong.

**4 – 10 Oktober 2020**
**Bybelstudie: Eksodus 20: 1-4, 7-9, 12-20**
**Volgende week:** *Eksodus 32:1-14*

Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:
2”Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. 3Jy mag naas My
geen ander gode hê nie.
4”Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde
hieronder of in die water onder die aarde is nie. 5Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here
jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in
die derde en vierde geslag van dié wat My haat, 6maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste
geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.
7”Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam
misbruik, nie ongestraf laat bly nie.
8”Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. 9Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, 10maar die
sewende dag is die Sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of
jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. 11Die
Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles
daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.
12”Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou
gee.
13”Jy mag nie moord pleeg nie.
14”Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
15”Jy mag nie steel nie.
16”Jy mag nie vals getuienis teen ’n ander gee nie.
17”Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ’n slaaf of
slavin, ’n bees of ’n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.”

18Toe die volk die donderslae en die klank van die ramshoring hoor, en die weerligte en die rook op
die berg sien, het hulle van angs gebewe en op ’n afstand bly staan.
19Hulle sê toe vir Moses: “Praat jý liewer met ons, en ons sal luister. Moet tog nie dat God met ons
praat nie, want dan sal ons sterf.”
20Maar Moses het die volk geantwoord: “Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te
toets. Hy wil hê julle moet ontsag hê vir Hom en nie sondig nie.”

Baie mense dink aan Bybelse wette in negatiewe terme, onder andere vanweë die idee dat wette mense daarvan weerhou om te doen wat hulle eintlik wil. Nog redes waarom mense dikwels in negatiewe terme oor wette dink is: die antieke kulturele konteks; die selektiewe gebruik van wette deur sommige gelowiges; die merkwaardige vermoë van wette om die leser ongemaklik te laat voel (byvoorbeeld Eksodus 22: 21-28 en Deuteronomium 15: 7-11).

Ons moet egter ook fokus op die positiewe krag wat duidelik is in die wet. Om die wet hoog te ag, is om die welsyn van mense hoog te ag. Die wet is daar vir die instandhouding van lewe. Die wet leer ons om in wysheid te groei. Die wet bevorder die goeie.

In Eksodus 20 sien ons dat die Here se handeling in die narratiewe voor en na die wet, bevestig dat die wet nie bloot arbitrêr aan mense oorgedra word nie, maar dat dit aan die mens gegee word “sodat dit altyd goed kan gaan met ons en sodat ons kan bly lewe soos dit nou die geval is” (Deut. 6: 24). God se genadige bedoeling met die wet is duidelik in die narratiewe: dit is ’n geskenk en nie ’n las nie.

Die Tien Gebooie het ’n persoonlike en interafhanklike karakter. Dit begin met ’n hoogs persoonlike stelling oor wat God vir die volk (Eks 20: 2) gedoen het. Binne die groter narratief, word lesers gekonfronteer met God wat persoonlike interaksie met Israel het in elke stadium van hul reis deur die woestyn. Die wet moet binne hierdie verhoudingskonteks verstaan word.

In Eksodus 20: 4, herinner die taal “die hemel daarbo”, “op die aarde” en “water onder die aarde” aan die taal van die eerste skeppingsverhaal. Die God wat die waters geskei tydens die skepping, is die enigste God wat waardig is om te dien. Die gebod om die Sabbat te onderhou herinner ook aan die eerste skeppingsverhaal; deur op die sewende dag te rus, doen die mens in werklikheid wat God

gedoen het. Op hierdie manier dui die teks aan dat God die skepper is, dat die mens deur Hom die geskape is en dat die verhouding, die harmonie en orde wat God tydens die skepping ingestel het, weer ingestel moet word deur die wet in die onderlinge gemeenskap van die Israeliete.

Uitleggers verdeel dikwels die Tien Gebooie in wette rakende aanbidding (vers 1-11) en wette wat handel oor reëlings te opsigte van goeie menseverhoudings (vers 12-17), maar dit is onderling verweef. Die eerste vyf gebooie van die Dekaloog word gekenmerk deur die vyfvoudige gebruik van die uitdrukking: 'die Here jou God.' In die laaste vyf gebooie word geen verwysing na die Here gemaak nie. Volgens Sarna (The JTS Torah Commentary) is die eerste deel van die Dekaloog uniek aan Israel, terwyl die tweede deel universeel in die Ou Nabye Ooste aangetref word. Slegs in Israel word die tweede aspek van die Dekaloog egter as vrug van God se opdrag en bevryding gesien.

Die Tien Gebooie en die wette wat daarop volg, is bedoel om Israel as 'n heilige gemeenskap te vorm, 'n gemeenskap wat gewortel is in die aanbidding van God en 'n gemeenskap waar geregtigheid en vrede geld.

Dit is belangrik om die breër konteks van die Tien Gebooie in ag te neem. Coenie Burger (*Vergesel van die Almagtige*), toon aan dat Eksodus 19-24 die verhaal van die Here se verbondsluiting met die volk bevat – die dieper en vollediger verbintenis waarin die volk met die Here gaan staan. In die woestyn moes die volk nie net hulself beter leer ken nie, maar het hulle die Here ook beter leer ken. Dit is wat hier gebeur. Eksodus 19 is die aankondiging van en voorbereidings vir die verbondsluiting. Eksodus 20 gee die hoofstipulasies van die verbond deur. Eksodus 21-23 brei uit op hierdie stipulasies en gee selfs meer as die Dekaloog deur. Die Israeliete word geroep tot 'n noue gemeenskap. Die basis van hierdie gemeenskap is om die God aan wie hulle behoort, te ken en te dien.

**Bronnelys**


- Gispen, W H **Exodus II**, KV;
- Cole, Alan; **Exodus**, TOTC;
- Childs, B S **Exodus**, OTL;
- Brown, C **Dictionary of the New Testament Theology (2 vol – "glory")**;
- **Christelijke Encyclopedie** (6 vol – "Verbond");
- Odendaal, A **Bergpad deur die Bybel**.
- **Bybellennium**
- **Die Bybel Verklaar**

**4 – 10 Oktober 2020**
**Kleingroep**
**Eksodus 20: 1-4, 7-9, 12-20**

Jesus Leef en ons met Hom

**1. Kontak met mekaar**
Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
Waarvoor is jy dankbaar?
Wat was vir jou moeilik?

- Gesels oor die stelling: "reëls is daar om getoets te word".

**2. Kontak met God**
Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Psalm 19: 1-10.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

**3. Kontak met die Woord**
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**

- Gesels oor die manier waarop God homself in vers 2 aankondig.
    - Hoekom doen Hy dit op hierdie manier?
    - Wat is die betekenis daarvan?
- God herinner die volk aan die pad wat Hy in die verlede met hulle geloop het. Deel met mekaar hoe God in die verlede met julle was.
    - Hoe beïnvloed dit jou lewe nou en in die toekoms?
- Hoe verstaan julle die betekenis en die funksie van die 10 Gebooie?
    - Watter rol speel dit in julle lewe? Hoekom is dit vir mense moeilik om uit te leef?
- Baie mense sien die 10 gebooie negatief. As wette wat hulle weerhou om te doen wat hulle wil en wat hulle laat skuldig voel. Hoe sal julle sulke mense antwoord?
- Lees verse 3-17 hardop. Terwyl dit gelees word – dink elkeen oor die verse wat hom/haar die meeste aanspreek.
    - Onderneem om in die komende week dit weer te lees en verder daaroor te dink.

**4. Bedien mekaar:** Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om opstandingslewens te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir Sy seën in jou lewe.

**Pitkos:**
Die 10 gebooie is 'n landmerk vir geloof op aarde. Soveel mense wil weet wat die wil van God is en hier kry ons dit in 10 gebooie. Dis egter belangrik om die regte verstaan hieroor te hê. Die volk kry dit nadat hulle bevry is! Baie mense gebruik die 10 gebooie as 'n toets wat as jy dit maak jy bevry sal word. Nee, die onderhouding van die 10 gebooie bevry jou nie. Dis omdat jy reeds bevry is dat jy op 'n seker manier wil leef. God gee dit juis vir die volk toe hulle begin ongelukkig raak het in die woestyn.

Dis daarom 10 reëls vir ’n gelukkige lewe.  Nie 10 reëls om God mee gelukkig te hou nie.  Nee as ons gelukkig is is God gelukkig!

**Nabetragting** (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

- ✓ Noem die hoofgedagtes van die preek?  Wat het julle opgeval?
- ✓ Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?
- ✓ Wat dink julle was die hoofgedagte?  Kan julle dit in een sin opsom?